

21 Januarie

Skrifgedeelte: Hebreërs 11:1-19

Fokusgedeelte: Hebreërs 11:1

HK, Vraag 21

Ken en vertrou

Van kleintyd af word aan ons vertel dat geloof twee woorde is: “ken” en “vertrou”. Vir baie van ons is dit ’n bekende handleiding vir katkisasie, maar lees Hebreërs 11:1 weer. Dit is die teks wat vir ons die mooiste sê wat geloof is. Geloof is die verwagting van dit wat gewis en seker is. God se beloftes is gewis en seker, want God het sy beloftes met ’n eed bevestig (Heb 6:13 & 14). Hulle staan as ’t ware soos ’n paal bo water. Hoe die wind ook al waai, watter strominge daar mag wees, hoe onstuimig die lewe mag word, die beloftes staan soos ’n paal bo water. Ons mag dit alles vir waar aanvaar. Hoe meer hierdie beloftes gehoor en gelees word, hoe dieper word ons kennis.

Tweedens is geloof om oortuig te wees van wat ons nie sien nie. Ons kan God en Christus nie sien nie. Net so is Christus se verdienste, vergewing van sondes, geregtigheid en saligheid werklikhede wat ons nie kan sien nie. Maar God het dit in Christus bevestig en aan ons toegesê. Wanneer kennis hieroor meer word, word ons in ons oortuiging gevoed, sodat ons God se beloftes met vertrou ons eie kan maak.

Die begin van hierdie geloof is Jesus Christus, wat ons met sy bloed as sy eiendom gekoop het en deur sy Gees ons verseker van wat God belowe.

Sing: Skrifberyming 12-3:1, 2

Ds. CA Jansen (Welkom-Noord)